Die grootste geskenk van naaste liefde

Teks: 1 Timoteus 2: 1 – 8
Teks: 1 Timoteus 2: 1 & 8

1. Inleiding

Geliefdes wat is daardie belangrikste ding wat ek vir my broer of suster en die mense daar buite kan doen? Soos enigiets wat ek vir iemand anders doen, is hier natuurlik ook opoffering ter sprake in hierdie saak. En miskien is dit die groot uitdaging in ’n moderne mens gesentreerde wêreld waarin ons vandag leef. Is ons bereid om hierdie opoffering te maak?

Die ander kant lê natuurlik in die feit of ek dink dat dit werklik die moeite werd is. Is daardie ding werklik die moeite werd vir my broer en suster, en ook uiteindelik die opoffering wat ek daarvoor moet maak. En dit is dan juis op hierdie punt waar ons vierkantig in die terrein van die kerk in beweeg. Want hierdie saak is nie net vebind aan geloof nie, sonder geloof is dit glad nie moontlik nie.

Ons praat natuurlik van bid. Is ek bereid om nog vir my broer en suster en die mense daarbuite te bid. Is ek self nog oortuig van die krag van gebed, wat dit die moeite werd maak vir my naaste. Is ek bereid om die opofferings in terme van tyd, maar veral geloofsgroei te maak, om ook voorbidding vir naaste te kan doen.

Ons skrifgedeelte kom vanoggend uit Timoteus. Timoteus is een van die pastorale briewe in die Nuwe Testament. Ons weet dat Paulus hierdie briewe gebruik het om aan die jong Timoteus opleiding en bemoediging te gee vir sy bedieningswerk. Maar hier in die eerste hoofstukke gaan dit eers oor gesag. Die erkening en onderhouding van gesag moet eers deeglik gevestig in die gemeentes waar Timoteus bedien. En hierdie respek vir gesag gaan natuurlik verder as net die ampdraers in die gemeente.

2. Om my eie wenslysie op te offer

Wanneer ons dan nou die fokus terug draai na gebed, erken ons die volgende ongemaklike saak. Meeste gelowiges se gebede het baie in gemeen met ’n inkopie lys, of wenslys. Dit gaan oor al die verskillende sake en items waarmee die Here vir my kan seën. Dikwels word ons gebed opgesom met die beskrywing in Jakobus 4:3: “[3]As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig”

Die voorwerp van ons gebede word in ons eerste teksvers alreeds geopenbaar in die woord voorbidding. Maar dan veral ook die laaste woorde van ons teksvers vir alle mense. Ons gebede moet voorbidding wees vir ander mense. Wat Paulus eintlik leer, is die boodskap dat dit tyd is om jou eie wenslysie op sy te te skuif en aan ander mense in jou gebed te dink. Geloofbeoefening is op die einde nie ’n selfsugtige selfgesentreerde aktiwiteit nie.

Ons sien dit al duidelik in die perfekte voorbeeld wat Christus vir ons kom uitleef. Hy doen selfs in Swaarste oomblikke hier op aarde nogsteeds voorbidding vir ander mense. Terwyl hulle besig is om Hom tereg te stel hoor ons nog die gebed: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Wanneer ons so aan Christus in daardie donker oomblik dink, het ons nog rede om nie voorbidding te doen nie. Of is daar te minste ’n goeie rede waarom ek nie vir iemand anders voorbidding wil doen nie.

Miskien strek ons selfsugtigheid dieper as wat ons dink. Miskien strek dit so diep dat ek nie die tyd wat ek aan my eie behoeftes kom wei in gebed wil afstaan aan my naaste nie. Maar dit is nie ’n dankbare ingesteldheid nie. En dit pas uiteindelik ook glad nie die dankseggings elemement van Gebed wat duidelik in ons eerste teksvers aangeraak word nie.

3. Alle mense sluit almal in

Tog is die maklik om vir mense voorbidding te doen wat dit verdien, of ten minste vanuit ons uitkyk op die saak. Ek bedoel mense wat swaarkry, en beproewings deurgaan. Mense wat vasgevang is die kloue van ’n

ongeneesbare siekte. Of mense wat ekonomies gebuk gaan onder ’n droogte of een of ander ramp in die natuur. Maar almal mense wat nie bokant my staan op die gesagsleer nie. Mense wat nie beter as ek vaar op enige gebied nie. Maar dan sien ons weer die laaste paar woorde in ons eerste teksvers: “vir alle mense”

En dan laat Paulus dit nie daar nie, hy gaan verder en spesifiseer ’n deel van hierdie mense waarvoor gebid moet word. Die wat regeer en gesag uitoefen. In kort die regeer en staatsdiens van die land. En voor ons nou vinnig antwoord dat Paulus nie in Suid Afrika in 2024 gelewe het nie, moet ons dalk juis na die omstandighede in ons teksgedeelte kyk.

Die regering in ons teksgedeelte is nog dieselfde regering wat ons Here Jesus Christus gekruisig het. En hulle is steeds die ongelowige onregverdige regeerders wat ons regdeur die Nuwe Testament leer ken. Daarom het daar al in Christus se tyd soos ons weet, neigings van burgerlike opstand ontstaan. Die gedagte van die overwerp van die regering en dit dan vervang met ’n Christelike een. En baie van die nuut bekeerde gelowige se geloof was so groot dat hulle oortuig was God sal die Romeine in hulle hande gee.

Maar hierdie onderlinge strominge het weer op sy beurt die gelowiges nog ’n slegter naam laat kry. Hulle het begin bekend word as moeilikheidmakers. Tog is so ’n rebelering teen gesag geen inherente Christelike eienskap of oortuiging nie. Ons weet in die in en na die 16de eeu is dit veral die wederdopers wat weereens hierdie oortuiging verkondig en uitleef. Maar dit is nie bybels nie.

Dit gaan uiteindelik lynreg in teen dit wat die Woord ons ook leer in Romeine 13: “Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys, 4want die owerheid is ’n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf”

Hierdie Romeine 13 beginsel is immers ook Paulus se redevoering in vers 2: “sodat ons ’n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid”. Deur dus vir die mense bo ’n mens self op die gesagsleer te bid, is jy ook eintlik besig om vir die mense onder jou op die gesagsleer te bid. Want hulle goeie regering sal ook uiteindelik die wat swaarkry tot voordeel sterk. Die opdrag is dat ons gebede werklik almal insluit, swakkes sowel as sterkes.

4. Die voorreg van ’n skoon gewete

Dan kom ons nou by ons tweede teksvers, vers 8. Die eerste opdrag aan die mans onder die opdragte vir mans en vroue is: Dat mans elke plek moet kan bid met ’n skoon gewete. Dit is dan juis hier waar ons die opoffering gedeelte aan die opdrag teenoor ons naaste sien. Ons ken Matteus 5:23 goed: “23“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, 24laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

Want soos ons al in die begin gesê het, is die tydopoffering nie die enigste wanneer ons by voorbidding kom nie. Kom ons benader dit van die ander kant af. Om voorbidding te kan doen, moet ’n mens eers in staat wees om te kan bid. Die hoë priester kon in die Ou Testament net in die allerheiligste ingaan met ’n offer vir die volk se sondes. Maar met die kruisiging skeur die voorhangsel voor die allerheiligste. En nou het ons vrye toegang.

Ons het nou die voorreg om in gebed tot in die allerheiligste van die Here te kan nader. Die vraag vandag is of ons nog belangstel om dit te doen. Of het die wêreldse stemme en prioriteite al die oorhand in my lewe begin kry. Gehoorsaam ons nog die leiding van die Heilige Gees. En die volgende vraag is doen ons moeite om werklik met ’n skoon gewete te leef? Sodat ons op enige plek en enige tyd die vrymoedigheid het om voorbidding te kan doen vir ander mense?

Of spandeer ons so min tyd en aandag aan geloof dat dit te lank sal vat om ’n skoon gewete te bekom, sodat ek vir my ander mense kan bid? Tog is hierdie voorbidding vir ander mense uiteindelik nie ’n opsionele luuksheid nie. Dit is ’n opdrag aan ons almal, nie net die kerkraad en amspdraers nie. Dit is ’n opdrag aan ons almal.

5. Slot

Ons kan afsluit met ’n laaste praktiese aspek tot die saak van voorbidding. Om werklik voorbidding vir ander mense te kan doen, beteken dat ons hulle ook werklik sal moet

ken. Ons moet weet deur watter beproewinge die mens rondom ons gaan. En miskien het die wêreld al so verander, ons vandag eerder die ander kant toe kyk wanneer ek weet iemand kry swaar. Die beproewinge van die wêreld rondom my, word as ’n ware onsigbaar.

Om hierdie dinge erger te maak, leef ons vandag ook onder ’n regering wat net sekere groepe mense goedgesind is. En dit maak dit vir moeilik om medelye te hê. Eerstens met die regering maar soms ook medelye met die groepe wat onder die voordeel van die regering leef. Maar dan kom die opdrag vandag reguit en duidelik na ons uit die woord van God. Ons moet voorbidding vir alle mense doen. Veral ook vir die mense wat in die regering doen.

Want dit is uiteindelik duidelik dat die Here se plan vir ’n beter samelewing nie ’n staatsgreep is nie, maar voorbidding dat die leiers beter optree. Voorbidding dat die res van die mense in die land ook geseën word deur uiteindelik nie in anargie te leef nie. Maar die belangrikste vraag wat al hierdie die dinge onderstreep en ondersteun is glo ek vandag nog aan die krag van gebed. En dan natuurlik daarmee saam, Het ek my broer en suster en die mense daarbuite nog so lief, dat ek vir hulle voorbidding sal doen. Die grootste geskenk wat ek aan my naaste kan gee is die voorbidding vir sy/haar geloof.

Amen